7 Augustus 2020

NG Gemeente Stellastraat

B L I T S N U U S

Matrieks van 2020 is die grootste verloorders – *geskryf deur Anton*

Vir baie mense was matriek hulle beste jaar op skool! Dikwels is dit die jaar waarin die lekkerste skoolherinneringe maak word. Vir meeste jongmense is dit die laaste jaar van sorgeloos speel en 'n lewe saam met maats wat in 'n struktuur gebeur. Dit is ook die jaar waarin baie jongmense se volwassenheid begin blom.

Daarom is die matrieks van 2020 die grootste verloorders tydens die covid-19-pandemie. Dié coronavirus het die 2020-matriekgroep van on-koopbare ervaringe beroof. Vir die ander jaargroepe is daar nog geleenthede, maar vir die 2020 graad 12-groep, is dit daarnatoe. Ons harte gaan uit vir hulle.

So ongemerk, tussen deur die turbulensies van die virus, korrupsie en politieke onweer, het die graad 12's begin met hulle rekord eksamen. Al wat ons kan doen is om hulle aan te moedig om hulle beste te doen. Die lewe na 2020 gaan vir hulle geleenthede bied, en hulle moet so goed as moontlik daarvoor voorberei! Dankie vir die onderwysers wat onder moeilike omstandighede alles in hulle vermoë doen om die matrieks te help! Onderwys is ons grootste belegging. Ons kan nie genoeg ondersteuning en lojaliteit vir ons jongmense en hulle leerkragte gee nie. Ons kan ook nie genoeg vir hulle bid nie!

Sondag 9 Augustus se geleenthede

Sondag se **Oordenking** is deur Tienie voorberei. *"Om te kan gee"* is die tema en die teks waaroor ons gaan nadink is Hand 20:32-38 en veral vers 35 "Onthou die woorde van die Here Jesus. Hy het self gesê: *Om te gee, maak 'n mens gelukkiger as om te ontvang."* Hier is die skakel wat jy kan gebruik om daarna te kyk - **https://youtu.be/HnRGr8k_kR8**

Dit is langnaweek en vir hierdie Sondag is daar dan nie **Kleuterkerk** en **Jeuggroepe** nie. Ons sal weer Sondag 16 Augustus met die Jeuggroepe en die Kleuterkerk hervat. Daar is dan ook nie 'n Kleuterkerkvideo nie. Aangesien dit Sondag Nasionale Vrouedag is, kan julle as gesin bietjie gesels oor watter vrou het die grootste invloed op jou lewe gehad.

Die **Tuis-Adoramus** van Sondag is deur Willem voorberei, die tema is *"Ophou probeer"* en die teks is uit Romeine 10:5-8. Hier is die skakel as jy daaraan wil deelneem - **http://stellastraat.co.za/wp-content/uploads/Adoramus-9-Augustus.pdf**

In die **Soekligaande** is Galasiërs en Openbaring op die spyskaart vir die volgende paar weke. Oor die langnaweek gaan daar **nie** 'n Soekligaand wees nie, en op Sondagaand 16 Augustus skop ons af met 'n kort reeks van drie oor die boek Openbaring. Daar het sopas 'n boek van Dr Coenie Burger daaroor verskyn en hy as skrywer gaan in drie sessies vir ons begelei deur hierdie ietwat vreemde boek. Enige iemand is welkom om hieraan deel te neem. Die skakel na die Zoom-platvorm word in die Blitsnuus, op die FB-blad geplaas en per sms uitgestuur. Skakel vir James (082 852 7947 of james@stellastraat.co.za) as jy meer inligting nodig het.

Huisgeloof en Jeuggroepe

Huisgeloofvraag
Aangesien dit Sondag Nasionale Vrouedag is, kan julle as gesin bietjie gesels oor watter vrou het die grootste invloed op jou lewe gehad. Gee elkeen in die gesin 'n kans om te gesels.

Jeuggroepe
Die Jeuggroepe word vir die langnaweek onderbreek. As jy meer wil weet, kontak asseblief vir Tienie (083 627 5086).

Uitreik

Stellastraat se eerste 'Help mekaar deurry kosmark'
Om die klein besighede in ons gemeente en gemeenskap te ondersteun beplan Stellastraat 'n deurry kosmark op 28 Augustus. Indien jy 'n bestaande klein besigheid het òf van een weet wat graag aan hierdie kosmark sou wou deelneem kontak vir Fay 083 478 0854.

Aansoeke sluit 10 Augustus. Hou die Blitsnuus dop vir meer inligting. Bestellings sal vanaf einde volgende week op ons mark se eie toep geplaas kan word.

Stellastraat se finansies

Die kerkraad het onderneem om die gemeente gereeld op hoogte te hou van die finansiële situasie waarin Stellastraat hom bevind. Dié skakel bevat die jongste nuus daaroor -
http://stellastraat.co.za/wp-content/uploads/Terugvoer-oor-gemeente-finansies.pdf

Kommunikasielyne in Stellastraat se Kerkkantoor

Soos met die kantoorpersoneel, leraars en Diensgroep Administrasie uitgeklaar, hiermee 'n vriendelike versoek dat u ons in die kantoor help om die regte persone binne hulle opdragte en pligtestate te kontak wanneer so nodig. Dit help hulle om te doen waarvoor hulle aangestel is, maar help ons ook in die kantoor om seker te maak versoeke word so gou en goed moontlik op die regte plek hanteer.

Onderstaande is ons ernstige versoek:

- Vir enigiets wat met die kommunikasie met en in die gemeente te doen het, soos e-posse, sms'se en die databasis, kontak **Hannalie Odendaal** by 012 460 8570 (of in hierdie grendeltyd ook vir dringende skakeling 072 234 2597) of admin@stellastraat.co.za
- Vir enigiets wat met die fasiliteite by die Gemeentesentrum en pastorieë te doen het, soos besprekings, begrafnisse, troues, verhuring en onderhoud, kontak **Sandra Vermeulen** by 012 460 8570 (of in hierdie grendeltyd ook vir dringende skakeling 082 449 7193) of info@stellastraat.co.za
- Vir enigiets wat met die finansies en begroting van die gemeente te doen het, kontak **Susan Visagie** by 012 460 8570 of 082 309 4255 of finansies@stellastraat.co.za

Ons vra vriendelik almal se samewerking in hierdie verband.
Saam in sy diens.
Malan Nel (Voorsitter Diensgroep Administrasie)

Orrelkonserte uit NG Faerie Glen & Eldoraigne



Jy kan inskakel en heerlik na dertig minute se orrelmusiek van **Maricus le Grange** en **Rolf Rencken** luister!

Hierdie week besoek hulle NG Gemeente Faerie Glen en NG Gemeente Eldoraigne. Gaan kyk gerus en sluit aan by hulle kanaal. Konserte is beskikbaar op Sondae vanaf 08:00. Volg net dié skakel vir die week se konserte - **https://youtu.be/lLPa2dPFcGg**

Verjaarsdae 9 - 15 Augustus

Ons wens graag die volgende lidmate geluk met hul verjaarsdae!

Sondag 9 Augustus:
Carika Breytenbach, Chris Gunter, Louis Heyns, Marinus Janse van Rensburg, Malherbe Rossouw, Ilze Ueckermann.

Maandag 10 Augustus:
Raymond Biddulph, Laël Coetzee, Welmé Hefer, Alstaedt Hulme, Zach Lombard, Andries Pretorius, Eli van Wyk.

Dinsdag 11 Augustus:
De Villiers Bosman, Valerie Janse van Vuuren, Francois Joubert, Vanessa Olckers, Monique van den Berg, Johan Visagie.

Woensdag 12 Augustus:
Elsabé Cloete, Alona Grobler, Ian Keun, Rena van Niekerk, Abraham van Rooyen.

Donderdag 13 Augustus:
Vonnie Coetzee, Leila du Plessis, Dirk Jansen de Jager, Inge Lambrechts, Laetitia van der Linde, Anna van Zyl, Kobus Vlok.

Vrydag 14 Augustus:
Martinet Basson, Lourens de Beer, Liané de Wet, Annatjie Joubert, Richard Leach, Petro Mennen, Judex Oberholzer, Anton Pienaar, Johan Rademeyer, Christiaan van der Linde, Timu Wassenaar, Mia Yssel.

Saterdag 15 Augustus:
Michélle Fourie, Juan Human, Louise Human, Stefan Minnaar, Louise Olivier, Hennie Uys, Chané van Aardt, Rickus van Staden, Jamie Wannenburg.

NG Gemeente Stellastraat

Stellastraat 158
Waterkloof
0181
Tel: 012 460 8570
Faks: 086 480 7844
Epos: info@stellastraat.co.za
Bankbesonderhede:
Bank - ABSA
Tjekrekeningnommer
540 580 022
Takkode - 632 005

www.stellastraat.co.za